

Die wintervakansie is op hande, en wat is nou geselliger as om 'n breiwerkjie nader te trek? Rooi Rose het vir jou sewe pragtige Fair Islepatrone uitgesoek. Ons vertel jou selfs hoe om dié breimetode aan te pak.

Deur Riana van der Merwe

'n fair isle-fees

ALGEMEEN

Al hierdie patrone is vir ervare breiers.

AFKORTINGS

alt – alternatiewe
aw – brei aweregs
beg – begin
dia – diagram
dms – dubbelmossteek, r2, aw2 en verspring elke 3e ry
drif – dubbelrif (r2, aw2)
herh – herhaal
ks – koussteek (een ry regs, een ry aweregs);
N(e) – naalde
oorbl – oorblywende
pat – patroon
r – brei regs

rif – riffelsteek (r1, aw1)
rs – reksteek (elke ry regs)
R(V)K – regte (verkeerde) kant van werk;
st(e) – steek(steke)
tes – tesame
vermeer – vermeerder;
vermin – verminder;
vlg – volgende;
V – verleng of verkort hier
weersk – weerskante.

Die regte spanning is uiters belangrik. Indien daar minder steke in jou toetslappie is moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

TRUE MET AFRIKA-MOTIEWE

Koste: Sowat R160 vir volwassenes se trui; sowat R110 vir kindertui.

BENODIGDHEDE

Pingouin 100 % suiwer nuutwol DK (50 g-bolle)
2(2;2) bolle rooi (kleur-nr. 24, A)
5(2;2) bolle turkoois (Tropicana, 10, B)
1(1;1) bol naaswit (Natural, 01, C)
2(3;3) bolle donker blougroen (Magic Blue, 27, D)
1(5;5) bolle swart (09, E)
2(2;2) bolle wynrooi (Maroon, 25, F)
3(1;1) bolle dofpienk (Vieux Rose, 13, G).
Breinaalde van 4,00 mm en 5,00 mm; 2 reserwenaalde of stekehouers; plus 1 rondbreinaald van 3,75 mm en 5 knope vir vrouetui.
Let wel: Jy kan jou eie kleure

kombinasies gebruik. Vir dié patroon word grootte 92 met turkoois (B) en groottes 97 en 102 met swart (E) as hoofkleur aangeggee.

MATE


Om borsmaat van 92(97;102) cm lossies te pas; Ware grootte: 106 (113; 120) cm; Lengte tot skouer: 64(65;67) cm; Moulengte: 52(52; 54) cm.

SPANNING

21 ste en 24 rye = 10 x 10 cm oor Fair Isle-patroon met kontraskleur aan agterkant saamgeweef. (Sien wenke op bl. 69.)

Manstrui AGTERPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en hoofkleur B(E;E), stel 114(122;130)



ste op en brei 20(22;22) rye drif, eindig met 'n RK-ry. Slaan oor na 5,00 mm-Ne en brei 1 ry aw met B(E;E). Brei nou voort in ks, slaan oor na C, r 1 ry; slaan oor na G(F;F), aw 1 ry.

Mensiemotiewe: Die breedste deel van dié motief is 18 ste by arms en lyf, maar slegs 15 ste by voete. By breedste punt is daar 4(5;5) ste tussen motiewe. Brei agtergrond met G(F;F) en mensies met D(D;D).

1e motiefry: 6(8;12) G(F;F) *6D, 3 G(F;F), 6D, 7(8,8) G(F;F)*; herh van * tot *, maar eindig laaste herh met 5(7;11) G(F;F). Raadpleeg dia en voltooi motiewe. Brei nog 1 ry G(F;F) ná voltooiing van mensiemotiewe.

Sterretjiesstrook: **Brei 1 ry C. Slaan oor na B(E;E), brei 1 ry, dan 6 rye sterretjies met B(E;E) vir agtergrond en E(B;B) vir sterretjies – raadpleeg dia. Brei nog 1 ry B(E;E), 1 ry C.**

Krokodilstrook: D(D;D) vir agtergrond en A(G;G) vir krokodille. Die krokodilmotief se

breedste deel is 22 ste. Daar is dan 5(2;3) ste tussen motiewe. Brei 1 ry D. Begin by pote.

1e ry: 12(8;10) D, *2 A(G;G), 4 D, 2 A(G;G), 19(16;17)D*, herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 13(10;12)D. Voltooi volgens dia, eindig met 1 ry D.

Tweede Sterretjiesstrook: Van ** tot **.

Olifantstrook: A(A;A) vir agtergrond en B(D;D) vir olifante. Die olifantmotief se breedste deel is 17 ste; daar is dan 5(3;4) ste tussen motiewe. Brei 1 ry A en begin dan by pote.

1e ry: 5(3;4)A, *2 B(D;D), 3 A, 3 B(D;D), 3 A, 3 B(D;D), 8(6;7) A*, herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 7(5;7) A. Voltooi volgens dia, eindig met 1 ry A.

Derde sterretjiesstrook: Van ** tot **.

Kameelperdstrook: Agtergrond F(B;B), motiewe G(F;F). Die kameelperdmotief beslaan 15 ste, by breedste deel moet daar 3(5;5) ste tussen motiewe wees. Brei 1 ry F(B;B).

1e ry: 4(4;8) F(B;B), *5 G(F;F), 1 F(B;B), 5 G(F;F), 7(9;9) F(B;B)*, herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 9(7;11) F(B;B). Voltooi volgens dia, eindig met 1 ry F(B;B).

Laaste sterretjiesstrook: Brei tot 1e ry van B(E;E) voor sterretjiespat begin(laaste ry van 1e baan sterretjies; laaste ry van 2e baan sterretjies).

Begin in vlg ry met halsvorming: Brei 40(43;46) ste in sterpat, draai. Heg aan begin van



Die drie is eksklusief vir Rooi Rose ontwerp en gebrei deur Casuilen Savariaan. Foto's: Willem de Lange. Stiering: Riina van der Merwe. Hare en grooming: Deirdre van Professional Bookings. Modelle: Christen en Odine van Model Management en Nick van The Model Institute. Dierkundige: Nene van het En-cio's Day Equine Care Centre. (014) 990 0011. Patronse: Persoonlike Suidse Jordaan, Oos-Rand aan Silver City Stables. (011) 999 0026. Vermaak: Gert Lou van Stalle en Perle vir ons. Foto's en die tekenwerk se: Vroeë en Liefde.

vlg ry en daaropvlg alt ry (= halsrand) 1 st af tot 38(41;44) ste oorbly. Brei nog 3 rye patroon, laaste ry is slegs in hoofkleur, sonder sterretjiespatroon, en heg af. Plaas middelste 34(36; 38) ste op 'n stekehouer. Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei tweede skouer met omgekeerde vorming.

VOORPANT

Soos agterpant tot laaste ry van kameelperdmotief (laaste ry van 1e baan sterretjies; laaste ry van 2e baan sterretjies) voltooi is.

Halsvorming, vlg ry: Brei 42(45; 48) ste pat, draai en brei op slegs dié ste. Heg in vlg ry

en daaropvlg alt rye telkens 1 st aan halsrand af tot 38(41;44) ste oorbly. Brei nog 3 rye sterpat en heg af. Plaas middelste 30(32;34) ste op 'n stekehouer en heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas. Brei 2e skouer met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en B(E;E), stel 50(58;62) ste op. Brei 14(18; 18) rye dubbelrif. Slaan oor na 5,00 mm-Ne en ks, brei 1 ry aw met B(E,E) en vermeer 10 ste, eweredig gespaseer, in dié ry – 60(68;72) ste.

Let wel: Vir 102 cm-grootte

word 2 effe rye bo- en onderaan elke motiefstrook gebrei; vir die 92 cm en 97 cm-mate is daar slegs 1 effe ry, soos vir agterpant. Slaan oor na C, brei 1 ry, dan 1(1;2) ry(e) G(D;D).

Kameelperdstrook, 1e ry: 4 (1;3) G(D;D), *5 F(A;A), 1 G(D;D), 5 F(A;A), 7(6;6) G(D;D)*; herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 9(5;7) G(D;D).

Brei 1e 10 rye van kameelperdmotief op 60(68;72) ste. Vermeer daarna 1 st aan weersk van vlg 10 alt rye tot 80(88;92) ste. Brei volgens dia tot laaste kameelperdry voltooi is, eindig met 1(1;2) ry(e) G(D;D).

Eerste sterretjiesstrook: Tussen wit strepe soos van ** tot ** in agterpant.

Olifantstrook: Die breedste deel van olifantmotief beslaan 17 ste, daar is dan 3(4;2) ste tussen motiewe. Brei olifante met D(B;B) en agtergrond met F(F;F), en vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van vlg 5 alt ry tot 90(98;102) ste. **Let wel:** Hierdie strook olifante kyk na links.

1e motiefry oor 82(90;96) ste: 3(5;1)F, *2 D(B;B), 3 F, 3 D(B;B), 3 F, 3 D(B;B), 6(7;5)F*; herh van * tot *, maar eindig laaste herh met 5(8;5) F. Voltooi volgens dia, eindig met 1(1;2)

ry(e) F.

Tweede sterretjiesstrook: Soos van ** tot ** in agterpant.

Krokodilstrook: Agtergrond met D(D;D), krokodille met A(G;G). Die breedste deel van die krokodil is 22 ste; daar is dan 6(2;3) ste tussen motiewe. Brei 1(1;2) rye D, vermeer in 1e D-ry en daaropvlg 4 alt rye 1 st aan weersk tot 100(108;112) ste.

1e motiefry oor 92(98;106)

ste: 13(8;11)D, *2 A(G;G), 4 D, 2 A(G;G), 20(16;17)D*, herh van * tot *, maar eindig laaste herh met 15(10;12)D. Voltooi volgens dia, brei dan 1(1;2) ry(e) D.

Derde sterretjiesstrook: Soos van ** tot ** in agterpant.

Tweede olifantstrook: Dié olifante kyk na regs. Aantal ste van olifante soos tevore, maar met 2(4;4) ste tussen motiewe. Brei 1(1;2) ry(e) A(A;A) vir agtergrond. Motiewe is in B(D;D).

1e motiefry oor 100(108;

112) ste: 3(4;6) A, *2 B(D;D), 3 A, 3 B(D;D) 3 A; 3 B(D;D), 5(7;7) A*; herh van * tot *, maar eindig laaste herh met 7(6;8) A. Voltooi volgens dia. Brei 1(1;2) ry(e) A.

Laaste sterretjiesstrook: Soos tevore, maar laat laaste wit ry weg. Brei dié ry met B(E;E) om af te heg.

AFWERKING

Werk 1 skouernaat toe. Gebruik 4,00 mm-Ne en E, tel 102(106; 110) ste uit halsrand op. Brei 14 rye dubbelrif, heg lossies af. Werk 2e skouernaat en halsstrook aaneen toe. Werk sy- en mounate toe. Vou halsboordjie na binnekant dubbel en werk só vas met glijpsteek.

Vrou se trui

AGTERPANT EN MOUE


Soos vir manstrui.

LINKERVOORPANT:

Gebruik 4,00 mm-Ne en B(E,E) en stel 53(57;61) ste op. Brei 20 (22;22) rye dubbelrif, beg met aw3, eindig met r2. Slaan oor na 5,00 mm-Ne en ks, brei 1 ry aw met B(E,E), dan r1 ry C, aw1 ry G(F;F).

Mensiestrook: Agtergrond G(F;F), mensies D.

1e ry: 8(9;4)G(F;F), *6D, 3G(F;F), 6D, 8(10;5)G(F;F)*; herh van *



tot *, maar eindig laaste herhaling met 7(8;2) G. Voltooi vlg dia, brei dan 1 ry G(F;F).

Sterretjiesstrook: Soos van ** tot ** in agterpant.

Krokodilstrook: Agtergrond D(D;D), krokodille A(G;G). Begin met 1 ry D.

1e motiefry: 9(10;12) D, *2 A(G;G) 4 D, 2 A(G;G), 17(18;19) D*; herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 11(13; 14) D. Voltooi volgens dia, brei dan nog 1 ry D.

Sterretjiesstrook: Soos tevore.

Olifantstrook: Agtergrond A(A;A), olifante B(D;D). Brei 1 ry A.

1e motiefry: 7(1;3) A, *2 B(D;D), 3 A, 3 B(D;D), 3 A, 3 B(D;D), 9(5;5) A*; herh van * tot *, maar eindig laaste herhaling met 9(4; 6)A. Voltooi volgens dia. Brei dan nog 1 ry A.

Sterretjiesstrook: Halsafskuiwing: Brei sterretjiesstrook, beg met 1 ry C en vermin 1 st aan beg van vlg ry (= halsrand); brei tot einde. Hou aan met sterretjiepatroon, en vorm halsafskuiwing soos volg: *Brei 1 ry.

Vlg ry: Vermin 1 st aan beg, brei pat tot einde.

Vlg 3 rye: Brei pat.

Vlg ry: Vermin 1 st aan beg, brei pat tot einde.* Herh van * tot * tot 38(41;44) ste oorbly, maar terselfdertyd, wanneer sterretjiesstrook voltooi en 1 ry F(B;B) gebrei is, begin

Kameelperdstrook: Agtergrond F(B;B), kameelperde G(F;F).

1e motiefry oor 49(51;57)

ste: 14(16;18) F(B;B), *5 G(F;F), 1 F(B;B), 5 G(F;F), 7(8;8) F(B;B)*;

herh van * tot *, maar eindig laaste herh met 6(7;9) F(B;B). Voltooi volgens dia, brei dan nog 1 sterretjiesstrook tot werk so lank soos agterpant tot skouer is. Heg af met E(B;B).

REGTERVOORPANT

Brei soos spieëlbeeld van linker-voorpant.

AFWERKING

Werk skouernate toe.

Gebruik rondbreinaald van 3,75 mm en E(B;B) en tel 346(354; 362) ste op uit linkervoorpant-, hals- en regtervoorpantrand.

1e-3e ry: Deurgaans dms.

4e ry: 6 ste dms, heg 4 ste af, *18 ste dms, heg 4 ste af*; herh 4 keer van * tot * (= 5 knoopsgate), dan dms tot einde.

5e ry: Stel 4 ste op aan bokant van elke afgehegte stel van 4 ste, dms tot einde. Brei nog 4 rye dms.

10e ry: Heg af in dms-patroon. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe. Werk knope teenoor knoopsgate vas.



Kindertrui BENODIGDHEDE

Pingouin 100% suiwer nuutwol DK (50g-bolle)

1(1) bol rooi (kleurnr. 24, A)

2(2) bolle turkoois (Tropicana 10, B)

paar gram naaswit (Natural, 01, C)

3(3) bolle donker blougroen

(Magic Blue, 27, D)

1(2) bolle wynrooi (Maroon, 25, F)

2(2) bolle dofpienk (Vieux Rose, 13, G)

breinaalde van 4,00, 5,00 en 3,75 mm; 2 stekehouders of reserwenaalde.

MATE

Om kinders van 5-6(7-8) jaar te pas; Ware grootte: Borsmaat: 80 (88) cm. Lengte tot skouer: 40 (47) cm; Moulengthe: 35(41,5) cm.

AFKORTINGS EN SPANNING

Soos vir volwassenes se trui.

Let wel: Grootte van motiewe is soos vir trui vir volwassenes.

AGTERPANT

Gebruik 4,00 mm-Ne en D en stel 90(98) ste op.

Brei 14(18) rye drif, dan 1 ry aw met D, 1 ry r met C. Brei verder in ks.

Kameelperdstrook: Agtergrond met B, motiewe met A. Brei 1(2) rye B, begin motiewe.

1e ry: 7(10)B, *5 A, 1 B, 5 A, 6(7)B*; herh van * tot*, eindig laaste herhaling met 4(5) B. Voltooi vlg dia. Brei 1(2) ry(e) B. Brei 1 ry C.

Sterretjiesstrook: Brei 6 sterretjiesrye met D vir agtergrond en G vir sterre, en met 1(2) ry(e) D aan bo- en onderkant van sterretjies. Brei 1 ry C.

Krokodilstrook: Agtergrond met F, motiewe met B.

Brei 1(2) ry(e) F, begin motiewe.

1e ry: 12(8)F, *2 B, 4 F, 2 B, 20 (16) F*; herh van * tot *, eindig met 14(10) F. Voltooi vlg dia. Brei 1 (2) ry(e) F, 1 ry C.

Sterretjiesstrook: Soos tevore.

Olifantstrook: Agtergrond G, olifante F. Brei 1(2) ry(e) G.

1e ry: 8(6) G, *3 F, 3 G, 3 F, 3 G, 2 F, 7(5)F*; eindig laaste herh met 5(2) F.


Voltooi olifantstrook, eindig met 1(2) ry(e) G, en 1 ry C.*** Brei 1(2) ry(e) D, dan 3 rye van sterretjie-pat.

Halsvorming, vlg ry: Brei 30 (33) ste, draai en brei op slegs dié ste. Vermin 1 st aan beg (= halsrand) van vlg ry en daaropvlg alt ry tot 28(31) ste.

1e grootte, vlg ry: Heg af.

2e grootte: Brei nog 1 ry. Heg in daaropvlg ry af.

Plaas middelste 30(32) ste op stekehoud. Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi soos 1e skouer, maar



met omgekeerde vorming.

VOORPANT

Soos agterpant tot ***

Halsvorming: Brei 32(35) ste met D, draai.

Vlg ry: Begin ster-pat, en ver-

min terselfdertyd 1 st aan beg (= halsrand) van dié ry en daaropvlg 3 alt rye tot 28(31) ste. Brei tot werk so lank soos agterpant is, heg af. Plaas 26(28) ste op stekehouer. Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi 2e skouer soos eerste, maar met omgekeerde vorming.

MOUE (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en D en stel 38(46) ste op. Brei 10(14) rye drif. Slaan oor na 5,00 mm-Ne en ks; aw 1 ry met D en vermeer 10 ste, eweredig gespaseer, oor dié ry tot 48(56) ste. ****

Kameelperdstrook: Agtergrond B, motiewe A. Brei 1(2) ry(e) B.

1e ry: 4(7) B, *5A, 1B, 5A, 5(6)B*; herh van * tot *, eindig laaste herhaling met 1(4)B.

Brei kameelperdmotiewe volgens dia tot 10 rye ná vermeer-ry (wat met **** aangedui is) voltooi is. Brei voort in pat, maar vermeer 1 st aan weersk van vlg 5(7) alt rye tot 58(70) ste. Voltooi kameelperdmotiewe, brei dan nog 1(2) ry(e) B en 1 ry C.

Sterretjistrook: Soos tevore, met 1(2) ry(e) D aan onder- en bokant van 6 sterretjierye. Brei 1 ry C.

Krokodilstrook: Agtergrond F, krokodille B. Brei 1(2) ry(e) F, maar vermeer 1 st aan weersk van 1e F-ry en 4 daaropvlg alt rye, terwyl krokodilmotiewe gebrei word tot 68(80) ste.

1e motiefry oor 60(72) ste: 11(8)F, *2B, 4F, 2B, 20(15)F*; herh van * tot *, eindig laaste herh met 13(10)F.

Voltooi vlg dia, brei nog 1(2) ry(e) F, dan 1 ry C.

Sterretjistrook: Soos tevore.

Olifantstrook: Agtergrond G, olifante F. Brei 1(2) ry(e) G, maar vermeer 1 st aan weersk van 1e G-ry en daaropvlg 4 alt rye tot 78(90) ste; hou motiewe deurlopend.

1e motiefry oor 70(82) ste: 8(6)G, *3F, 3G, 3F, 3G, 2F, 8(6)G*; herh van * tot * maar eindig laaste herh met 4(2) G.


Voltooi vlg dia, brei nog 1(2) ry(e) G, dan 1 ry C, 2 rye D en heg af in vlg ry.

AFWERKING

Werk 1 skouernaat toe. Gebruik 3,75 mm-Ne en D. Tel 90(98) ste

uit halsrand en van stekehouers op. Brei 10 rye dubbelrif en heg lossies af. Werk 2e skouernaat en halsboordjienaart aan een toe. Vou halsboordjie na binnkant dubbel en glipsteek vas. Werk sy- en mounate toe. □

DOMBEYA-TRUIE



DOMBEYA-TRUIE: FOTO WILLEM DE LANGE; STILERING LIESL SCHUENMAN EN RIANA VAN DER MERWE; HARE EN GRIMERING DEIDRE VAN PROFESSIONAL BOOKINGS; MODELLE LUCIO VAN THE MODEL-CO EN DEIDRE BYKOMSTIGHEDE VAN STUTTAFORDS; SKOENE VAN EARTHBOUND (012) 447 693; PATROON VERSORG DEUR SJOUKE JONDAAN; ONS DANK AAN THE COURTYARD AT ARCADIA VIR DIE GEBRUIK VAN DIE HOTEL VIR ONS FOTOS EN DIE PERSONEEL SE VRIENDELIKE DIENS

DIÉ TWEE TRUIE IS SPESIAAL deur Sue Orr van Dombeya by Stellenbosch vir Rooi Rose se lesers ontwerp. As 'n spesiale aanbod kan jy die pakket met al die breidraad en die diagram vir die sybokhaartrui of die handgespinde woltrui van hulle bestel. Voltooi die bestelvorm op bl 68 en stuur dit saam met 'n tjek of posorder aan die adres soos daar gemeld. Vir lesers wat liever self die

kleure wil kies, plaas ons die patrone en diagramme. Die sybokhaartrui kan van sybokhaar gebrei word soos dié van Cape Mohair of Pingouin Panache. (Gebruik die kleure van jou keuse) Die woltrui kan met 'n chunky-breidraad, soos Pingouin Family Knit of Pingouin Classic Sport gebrei word. Lees eers paragraaf oor vervanging van breidraad op bl. 66 en toets jou spanning.

Sybokhaartrui

Koste: Pakket: R220,00

MATE

Om borsmaat van 80–92 cm lossies te pas. Ware grootte: Bors: 132 cm; Lengte tot skouer: 75 cm; Mounaat: 57 cm.

BENODIGDHEDE

Bestelpakket met sybokhaar in kleure soos op foto, of: Mohair-wol in 8 kleure van jou keuse, sowat 650g in totaal – onthou dat jy meer van die rifkleur sal benodig (ons het koningsblou, groen, swart, pers, vlootblou, turkoois, oranje en grys gebruik); paar elk breinaalde van 4,50 mm en 7,00 mm; reserwenaald.

SPANNING

18 ste en 16 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 7,00 mm-Ne

AGTERPANT

Gebruik 4,50 mm-Ne en vlootblou, stel 100 ste op. Brei 20 rye drif, vermeer in laaste ry 15 ste, eweredig gespasieer – 115 ste. Slaan oor na 7,00 mm-Ne en pat, volg diagram tot werk sowat 70 cm lank is, V, (sowat 18 Fair Isle-stroke). Heg af.

VOORPANT

Soos AP tot werk sowat 60 cm lank is van beg (sowat 15 Fair Isle-stroke).

Hals- en skouervorming, vlg ry: brei 52 ste en plaas hulle op 'n reserwenaald, heg 11 ste af, brei tot einde.

Regterskouer: brei 1 ry. Heg

As jy self jou breidraad kies en nie 'n pakket van Dombeya of Country Crafts gebruik nie, hou altyd in gedagte dat handgespinde breidraad nie 'n standaard dikte het nie, maar verskil van spinner tot spinner. Jy kan dus nie enige patroon met enige handgespinde wol aanpak nie. As die drade wat jy wil gebruik (of 'n dubbele draad daarvan) van vergelykbare dikte is met dié wat in die patroon aangegee is, moet jy eers 'n spanningstoets doen.

Jy kan kommersiële breidraad gebruik om patrone vir handgespinde wol te brei en andersom, maar dan moet jy dieselfde hoeveelheid steke en rye op 'n lappie van 10 x 10 cm kry as in die patroon. Onthou ook dat handgespinde wol nie so egalig gespin of gekleur is soos kommersiële wol nie, en die onewe effek van breiwerk wat met handgespinde breidraad gebrei is, verlore gaan.

Let ook daarop dat die uiteindelijke groottes van die trui effens kan verskil omdat die oorspronklike trui met handgespinde wol gebrei is. Doen eers 'n spanningstoets en pas die dikte van jou breinaalde daarvolgens aan indien nodig.

aan halsrand in daaropvlg rye ste soos volg af: Een keer 3 ste; 2 keer 2 ste, 1 keer 1 st; dan in vlg alt rye, nog 4 keer 1 st – 40 ste bly oor. Brei tot werk so lank is soos AP tot skouer en heg in vlg ry af.

Linkerskouer: Heg werkdraad aan halsrand van ste op stehouer vas en brei halsvorming soos vir eerste skouer. Brei tot skouer ooreenstem met eerste skouer en heg af.

MOUE

Gebruik 4,50 mm-Ne en vlootblou, stel 50 ste op en brei 20 rye drif, vermeer in laaste ry 10 ste, eweredig gespasieer – 60 ste. Slaan oor na 7,00 mm-Ne en pat, volg diagram, maar vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van elke 3e ry tot daar by 50 cm sowat 110 ste op N is,

V. Heg lossies af.

AFWERKING

Halsboordjie: Werk regter-skouernaat toe. Gebruik 4,50 mm-Ne en vlootblou, tel op en r 35 ste uit halsrand van AP, 27 ste uit regterkant van halsrand van VP, 11 ste uit middel voor, 27 ste uit linkerkant van halsrand van VP – 100 ste.

Brei 20 rye drif en heg baie lossies af. Werk tweede skouernaat en halsboordjie aaneenlopend toe. Vou halsboordjie na binnekant dubbel en glipsteek vas. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate vas.

Diagram: Herhaal die Fair Isle-motief stroke oor die hele breedte van die trui, in volgorde en kleure van eie keuse, tot pant 70 cm lank is vanaf begin.

Poutrui

KOSTE: Pakket: R 220,00

MATE

Om borsmaat van 102 – 122 cm lossies te pas. Ware grootte: Bors: 132 (142) cm; Lengte tot skouer: 67(70) cm; Moulengte: 50(53) cm.

BENODIGDHEDE

Pakket met handgespinde wol van Dombeya, in kleure soos op foto; breinaalde van 5,00 mm en 7,5 mm; reserwenaald; dun rekgare vir riffelboorde, of: Chunkywol in ses kleure van jou keuse: sowat 850g in totaal – onthou dat jy meer van die rifkleur sal benodig; breinaalde van 5,00 mm en 7,5 mm; reserwenaald; dun rekgare vir riffelboorde.

SPANNING

16 ste en 15 rye = 10 x 10 cm oor patroonsteek met 7,5 mm-Ne

AGTERPANT

Gebruik 5,00 mm-Ne en donkerblou, stel 90(100) ste op. Brei 20 rye drif, en vermeer in laaste ry 6(10) ste – 96 (110) ste. Slaan oor na 7,50 mm-Ne en pat, volg diagram en brei tot werk 67(70) cm lank is vanaf beg. Heg af.


VOORPANT

Soos agterpant tot werk 55(58) cm lank is vanaf beg.


Hals- en skouervorming, vlg ry: Brei 43(50) ste pat, plaas hulle op 'n reserwenaald, heg 10 ste af, brei tot einde.

Onder: Diagram vir sybokhaartrui.

Regs: Diagram vir poutrui. Herhaal motiewe op diagram vir hele trui.



Begin hier



Begin hier

Regterskouer: Brei 1 ry. Heg in daaropvlg rye aan halsrand 6 keer 1 st af, dan in vlg alt rye nog 6 keer 1 st - 31(38) ste bly oor.

Brei tot werk so lank soos AP tot skouer is en heg af.

Linkerskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei soos vir eerste skouer, maar met omgekeerde vorming.

COUNTRY CRAFTS-TRUIE

CAROLE GERMISHUYS VAN COUNTRY CRAFTS verkoop haar truië by die handwerkmark op die Kaapse Waterfront. Sy het dié twee truië eksklusief vir *Rooi Rose* ontwerp. Die handgespinde wol vir albei truië kan ook in pakkette van haar bestel word teen R220,00 per pakket. Sien bestelvorm op bl. 68.

Dié truië kan ook met 'n chunky breidraad gebrei word. Omdat die wol veel dikker as dié van Dombeya is, moet die chunky-draad dubbel gebruik word.

Lees eers paragraaf oor vervanging van breidraad op bl. 66 en toets jou spanning.

Mans- en vrouetruie

Koste: Pakkette: R220,00 elk

MATE

Om borsmaat van 82 - 87(92 - 97;102 - 107) cm lossies te pas
Ware grootte: Bors: 98(114;130) cm. Lengte tot skouer: 64(68;74) cm; Moulengte: 48(51;54) cm.

BENODIGDHEDE

Breipakket van Country Crafts, of:
Chunkywol in kleure volgens eie keuse - ons het naaswit, lig- en donkerblou en wynrooi gebruik - sowat 800g roomkleur, 200g elk van drie ander kleure; paar elk breinaalde van 5,50 en 7,50 mm; 2 stekehouters. (Hoeveelhede in gram uitgewerk vir Pingouin Classic Sport, dubbel gebruik).

SPANNING

15 ste en 15 rye = 10 x 10 cm met 7,50 mm-Ne oor patroon-

MOUE

Gebruik 5,00 mm-Ne en donkerblou, stel 40 ste op.

Brei 20 rye drif, vermeer 10 ste in laaste ry - 50 ste.

Slaan oor na 7,5 mm-Ne en brei pat volgens diagram, vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van elke vlg 4e ry tot 80 ste in gebruik is.

Brei tot mou 50 cm lank is, V, en heg af.

HALSSTROOK

Werk regterskouernaat toe; gebruik 5,00 mm-Ne en donkerblou, tel 34 ste op uit halsrand van agterpant, sowat 16 ste uit linkerhalsrand van voorpant, 10 ste uit middel voor, en 16 ste uit regterhalsrand van voorpant - 76 ste.

Brei sowat 16 rye drif en heg lossies af.

AFWERKING

Werk 2e skouernaat en halsboordjienaat aaneenlopend toe.

Vou halsboordjie na binnekant dubbel en glipsteek vas.

Werk moukoppe vas.

Werk sy- en mounate toe.

Ryg reggare deur middel- en mouboordjies en werk vas. □



steek (Fair Isle).

AGTERPANT

Let wel: Patrone is presies dieselfde. Gebruik diagram van jou keuse.

Gebruik 5,50 mm-Ne en naaswit en stel 65(75;85) ste op.

Brei 14 rye gestreepte rif, nl, 2 rye naaswit, 2 rye donkerblou, 2 rye wit, 2 rye ligblou, 2 rye wit, 2 rye wynrooi en 2 rye wit; vermeer 9(11;13) ste, eweredig gespaseer oor laaste rif-ry - 74(86;98) ste.

Slaan oor na 7,5 mm-Ne en Fair Isle-pat. Kyk op diagram om punt vas te stel waar grootte wat gebrei word, moet begin en volg dan diagram tot werk 62(66;72) cm lank is vanaf beg.

Hals- en skouervorming: Heg 13(15;18) ste af aan beg van vlg 2 rye, en 13(16;18) ste aan beg van daaropvlg 2 rye.

Plaas oorbl 22(24;26) ste op 'n stekehouer.

VOORPANT

Soos agterpant tot werk 52(56;62) cm lank is vanaf beg.

Hals- en skouervorming: Brei 32(38;44) ste pat, heg 10 ste af, brei tot einde.

Linkerskouer: Brei 1 ry. Heg aan halsrand in daaropvlg alt rye telkens 1 st af tot 25(30;36) ste oorby. Brei reguit tot voorpant so lank soos agterpant tot beg van skouervorming is.

Brei skouerafskuinsing soos 1 skouer van agterpant. Heg af.

Regterskouer: Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en brei soos uiteengesit vir eerste skouer.

MOUE

Gebruik 5,50 mm-Ne en naaswit, stel 34(36;40) ste op en brei

14 rye rif soos vir agterpant. Slaan oor na 7,50 mm-Ne en Fair Isle-pat.

Vermeer 1 st aan weersk van elke 4e ry tot mou 48(51;54) cm lank is. Heg af.


AFWERKING

Werk een skouernaat toe.

Halsboordjie: Gebruik 5,50 mm-Ne en naaswit, tel 22(24; 26) ste van stekehouer op, dan 22 ste uit een syrand, 10 ste uit middelvoorrand en 22 ste uit 2e syrand - 76(78;80) ste.

Brei 18 rye gestreepte rif soos vir boorde, Heg lossies af.

Werk tweede skouernaat en halsboordjienaat toe, vou halsboordjie na binnekant om en werk lossies met agtersteek vas. Werk mou vas. Werk sy- en mounate toe, sorg dat patroonstroke ooreenstem. □




Middel

1e grootte

2e grootte

3e grootte



Middel

1e grootte

2e grootte

BESTELVORM

Vul in en stuur aan *Rooi Rose/Country Crafts-truie*, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

☐ Country Crafts vir hom (Aantal teen R220 per pakket):

☐ Country Crafts vir haar (Aantal teen R220 per pakket)

Ek sluit my tjek/posorder vir (totale bedrag) R in.

Handtekening:

Naam:

Adres:

..... Kode:

Tel: (h) (w)

BESTELVORM

Vul in en stuur aan *Rooi Rose/Dombeya-truie*, Posbus 2595, Johannesburg, 2000.

☐ Dombeya-sybokhaartrui: (Aantal teen R220 per pakket)

☐ Dombeya-poutrui: (Aantal teen R220 per pakket)

Ek sluit my tjek/posorder vir (totale bedrag) R in.

Handtekening:

Naam:

Adres:

..... Kode:

Tel: (h) (w)